



Verwysing: 20170124-7610
12/2/8/13/2
Navrae: W Mercur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0010/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Hoofde:
Kurrikulumkoördinerings- en -advies; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting,
Beheer- en Mensbestuur (SIBMB); Adjunk-hoofonderwyskundiges; Vakadviseurs,
Prinsipale, Departementshoofde vir Engels, Vakadviseurs vir Engels en Taalonderwysers
by hoërskole

Onderwerp: **Koningin se Statebond-opstelwedstryd**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) wil graag alle leerders aanmoedig om aan die Koningin se Statebond-opstelwedstryd deel te neem.
2. Die kompetisie is vir alle leerders in die volgende kategorieë oop:
 - Junior Kategorie (gebore ná Mei 2003 — onder 14 jaar)
 - Senior Kategorie (gebore tussen 02 Mei 1998 en 01 Mei 2003 — 14 tot 18 jaar)
3. Alle inskrywings moet in Engels wees.
4. Deelnemers word gevra om hul werk in die formaat wat hul boodskap die beste sal oordra, aan te bied. Dit wil sê, 'n opstel, gedig, storie, volksverhaal, skrip, verslaggewing, monoloog of enige ander skryfstyl wat geskik is. Foto's en tekeninge word ook aangemoedig, veral in die Junior Kategorie.
5. Die tema vir 2017 is **"The meaning, process and importance of peace in the Commonwealth and beyond."**

Onderwerpe vir die Junior Kategorie

- Wat is jou Gereedskapkas vir Vrede?
- My vreedsame plek
- Hoe kan kinders en jongmense bymekaar kom om 'n vreedsame samelewing op te bou?
- "Vrede kan nie uit 'n boek of geloof geleer word nie. Jy moet uitreik en nasies aanraak." Hoe hou dit verband met die Statebond?

Onderwerpe vir die Senior Kategorie

- Vrede
- Moet jy vir vrede veg?
- Kofi Annan het gesê: "Onderrig is heel eenvoudig, vrede wat deur 'n ander naam opgebou word." Stem jy saam? Beantwoord met verwysing na jou land en/of die Statebond.
- Wat is die koste van vrede?

6. Alle deelnemers sal 'n sertifikaat van deelname ontvang. Die wenners sal egter medaljes volgens die posisie wat behaal is ontvang, d.w.s. Goud, Silwer en Brons. 'n Wenner en naaswenner van beide die senior en junior kategorieë sal 'n reis na Londen ontvang vir 'n weeklange reeks opvoedkundige en kulturele geleenthede.
7. Alle inskrywings moet direk by die Royal Commonwealth Society webwerf ingedien word by www.thercs.org/competition of via e-pos gestuur word aan competitions@thercs.org.
8. Die sluitingsdatum vir alle inskrywings is 01 Mei 2017.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeellede.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN -ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-01-30